

VERTEL HULLE VAN MY LIEFDE

God Openbaar Sy
Liefde Vir Jou



JOYCE MEYER

#1 *NEW YORK TIMES* TOPVERKOPERSKRYWER

VERTEL HULLE
VAN MY LIEFDE

God Openbaar Sy Liefde Vir Jou

JOYCE
MEYER



JOYCE MEYER
MINISTRIES

P.O. Box 5, Cape Town 8000

Unless otherwise indicated, all Scripture quotations are taken from
THE AMPLIFIED BIBLE: Old Testament.

Copyright © 1962, 1964 by Zondervan Publishing House
(used by permission); THE KING JAMES VERSION; and from
THE AMPLIFIED NEW TESTAMENT
Copyright © 1958 by the Lockman Foundation
(used by permission).

Copyright © 2014 by Joyce Meyer Ministries – South Africa

All rights reserved. No part of this publication may be
reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means,
or stored in a database or retrieval system, without the prior written
permission of Joyce Meyer Ministries – South Africa.

Joyce Meyer Ministries – South Africa
PO Box 5, Cape Town, 8000

Phone: +27 (0) 21 701 1056
Website: www.joycemeyer.org

Go to tv.joycemeyer.org to watch Joyce's messages in a
variety of languages

Tell Them I Love Them – Afrikaans
Not For Resale

INHOUD



<i>Inleiding</i>	5
1. God Het Jou Lief!	7
2. Is Ek Goed Genoeg?	13
3. Liefde is 'n Verhouding	21
4. Liefde, Vertroue en Geloof	27
5. Vry Van Vrees	33
6. Liefde Reik Uit	37
7. God se Liefde sal Jou Verander	43
Gebed van Verlossing	47
Oor die Skrywer	48

INLEIDING



Ek glo dat wat mense meer as enigiets anders nodig het, is 'n openbaring van God se liefde vir elkeen persoonlik. Ek glo dat dit die fondament is waarop 'n lewe van oorwinning moet berus. Ons het nie kopkennis van God se liefde nodig nie; ons het 'n openbaring daarvan nodig. Dit kan net die Heilige Gees ons gee. Elke gelowige sal dit ontvang as hy God se liefde oordink, God se liefde in sy eie lewe waarneem en as hy daardie openbaring in God se geskrewe Woord en deur gebed soek.

Dit is redelik maklik om te aanvaar dat God die hele wêreld so liefhet dat Hy Jesus gestuur het om vir die wêreld te sterf. Maar dit is 'n klein bietjie moeiliker om te glo dat as jy die enigste persoon op aarde was, God jou so liefhet dat Hy Jesus sou gestuur het om vir *jou* en *jou alleen* te sterf.

Nadat ek vir baie jare 'n gefrustreerde Christen was, het ek God se liefde begin verstaan. God het genadiglik, deur die Heilige Gees, sy liefde vir my persoonlik aan my bekend gemaak. Daardie enkele openbaring het my hele lewe en my wandel met Hom verander.

Ek glo dat wat jy in hierdie boek lees vir jou nuwe insig en begrip van die liefde van God sal bring. Ek glo dat dit jou opnuut sal laat begeer om self hierdie openbaring te ontvang. Ek wil jou aanspoor om die boek stadig te lees, om dit as 'n studiegids te gebruik en om die Skrifgedeeltes te oordink, asook die gedagtes

wat jy in die volgende bladsye sal vind.

Ek lê hierdie boek nederig aan jou voor. Ek weet dat ek sonder God niks is nie en dat watter openbaring en begrip ek van Sy Woord het, dit slegs deur Sy genade is.

1



GOD HET JOU LIEF!

“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”

- JOHANNES 3:16 NKJV

God wil 'n gesin hê. Daarom het Hy ons sy kinders gemaak. Hy wil nie hê dat ons soos babas moet optree nie, maar Hy wil hê dat ons soos sy kinders moet optree. Hy wil hê dat ons van Hom afhanklik moet wees, op Hom moet vertrou en op Hom moet steun. Ons moet Hom liefhê en Hom toelaat om *ons lief te hê*. Hy wil hê ons moet Hom vertrou en na Hom uitreik as ons in nood is. Hy wil 'n persoonlike verhouding met *jou* aanknoop.

Die meeste van ons verstaan Johannes 3:16 te wyd. “O ja, ek weet Jesus het vir die wêreld gesterf,” maar ons is *nie* maar net 'n groot groep mense hier onder vir wie Jesus gesterf het nie. *Hy het vir jou gesterf!*

As jy die enigste mens op die hele aarde was, sou Hy net vir *jou* gesterf het. Hy sou deur al die lyding net vir *jou* gegaan het. Hy het vir *jou* gesterf! So lief het God jou. Hy het jou lief met 'n

ewigdurende liefde.

Eendag was ek alleen op pad in my motor toe God in my hart praat en sê: “Joyce, jy is die appel van my oog.” Ek het nie eers geweet dat daar so ’n vers in die Bybel is nie. Die duiwel kom toe dadelik met ’n gedagte en sê: “Wel, is dit nou nie ’n spul hoogmoed nie? Wie dink jy is jy?” En ek dink toe by myself: “Ag, ek moenie so dink nie.”

Dit gaan teen ons vleeslike gedagtes in om te besef dat ons wel *spesiaal* is, dat ons talentvol is, dat ons verskil van ander. Maar elkeen van ons is as ’n individu geskep deur ons Vader om anders te wees as die persoon langs ons.

Terwyl ek daarvoor dink, wys God aan my in my gedagtes ’n klein prentjie van ’n vrou wat in die supermark by ’n groot hoop appels staan. Sy het oral deur die hoop gesoek om een appel te kry wat regtig heerlik gelyk het. Sy het die heel beste een geneem. Wat God aan my gesê het, was dat ek in sy oë die beste appel was. Ek was daardie spesiale een. Dit klink miskien nie reg nie, maar weet jy, God sê dit aan elkeen van ons. Dit is nie dat Hy sê dat net jy iemand baie besonders is en al die ander is niks werd nie. Hy wil sê dat ons almal spesiaal is. Dit staan in die Woord en die Woord is vir almal van ons. *Jy is die appel van God se oog.*

Ek het nie aanvaar wat God aan my gesê het nie, want ek het gedink dit is verkeerd om sulke goeie dinge van myself te dink. Omtrent twee dae later maak ek my Bybel by Psalm 17:8 oop en daar tref dit my tussen die oë: “Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels...” Ek sê toe: “Sjoe, dit was toe regtig God! Ek is die appel van God se oog.” Vir ’n baie lang tyd het ek elke keer as ek daaraan dink, baie spesiaal gevoel.

Mense het in hulle harte 'n hunkering, 'n verlange en 'n begeerte om liefgehê te word. God het ons so gemaak. Baie mense glo dat God die wêreld liefhet en dat Hy Jesus liefhet, maar hulle sukkel om te glo dat Hy *hulle* liefhet. Tog leer die Woord ons dat God hulle so lief het as wat Hy Jesus lief het. Hy het jou so lief as wat Hy Jesus het. Kom ons kyk na Johannes 5:20: “Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom nog groter daade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan.”

God sê hier: “Ek doen al hierdie groot dinge deur Jesus asook groter dinge as hierdie deur Jesus sodat jy verwonderd kan wees. (Skrwyer se parafrase). Weet jy dat jy maar oor iets verwonderd mag wees, dat jy ontsag mag hê vir wat God doen?”

Ons lees hierdie Skrifgedeeltes, maar ons mis dikwels wat God vir ons wil doen. Hy wil hê dat ons na die groot dinge wat Hy deur Jesus gedoen het, kyk en ons net verwonder en sê: “Sjoe, God, dit wat U deur Jesus gedoen het, is wonderlik!” Hy wil hê dat jy dan in die Bybel na Johannes 14:12 sal blaai, daar waar Jesus sê: “Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.”

God sal dieselfde dinge deur jou doen. Jy sal groter dinge as hierdie doen, want Jesus het na Sy vader toe gegaan. Glo jy dit? Glo jy regtig dat God jou liefhet en jou wil gebruik?

Die Here het my eendag met Sy woord bedien terwyl ek besig was om dit te bestudeer en Hy het gesê: “Joyce, Ek doen elke dag so baie dinge vir mense omdat Ek hulle liefhet, maar hulle sien dit nooit raak nie. Hulle besef glad nie wat Ek vir hulle doen nie. Ek sal jou een voorbeeld gee. Elke dag as ek met die son praat en sê:

‘Kom op!,’ doen Ek dit vir Joyce, vir Marietjie, vir Japie, vir (vul jou eie naam hier in).”

Staan stil en dink ’n bietjie daaroor na. Die son in die hemelruim kom elke dag op vir *jou*. Ja, die son! En ons aanvaar dit as vanselfsprekend. Ons *weet* dat die son elke dag gaan opkom, maar dit kom vir *jou* op. As dit reën omdat die regte seisoen aangebreek het, reën dit vir jou. Wanneer dit sneeu, sneeu dit vir *jou*. So lief het God jou.

Deuteronomium 7:9 sê: “Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooië gehoorsaam.”

Dink jy ’n duisend geslagte is lank genoeg vir jou om deel aan God se liefde te hê? Jy sien, Hy is ’n ewigdurende God en jy kan God nie uitput nie. Baie van ons dink dat ons God uitgeput het met ons mislukkings en die gemors wat ons maak van ons lewens, maar jy kan dit nie doen nie. Liefde kan nie uitgeput raak nie en jy kan God nie sover kry om jou nie lief te hê nie. Liefde is nie iets wat God doen nie. Dit is Wat Hy is.

Selfs die vuilste, slegste sondaar wat ooit hierdie aarde bewandel het en wat in Jesus se gesig sou spoeg en sê: “Ek wil niks met U te doen hê nie; ek is honderd persent tevrede om hel toe te gaan” - God het hom lief. So, hoe kan Hy nie diegene wat uitverkies is en vir God opsy gesit is, liefhê nie?

Jy mag dalk reeds gesê het: “Ek ontvang Jesus in my hart en ek het Hom lief.” Maar dan wil ek vir jou vra: *Glo jy werklik dat God jou liefhet?*

Hierdie is 'n baie eenvoudige boodskap aan jou: *God het jou lief*. Maar dit is die basiese fondament wat God in jou moet lê voordat jy enigiets anders kan verstaan.

Dit maak nie saak wat jy nog gaan leer en hoe hard jy studeer en die dinge van God ondersoek nie. As jy die feit dat God jou liefhet, nie kan aanvaar nie, gaan jy nie baie ver kom nie. God se liefde vir jou is die fondament vir jou geloof, vir jou bevryding van sonde en jou bevoegdheid om uit te reik en ander sonder vrees te bedien. *Sal jy Sy liefde vir jou aanvaar?*

God het *jou* lief!

2



IS EK GOED GENOEG?

“...dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe.

’n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir ’n regverdige nie. Ja tog, vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe.

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.

Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, nou dat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word.”

- ROMEINE 5:5-10

Baie van ons glo dat God vir ons lief is solank ons net nie ’n gemors

maak van dinge nie. Die meeste mense hou nie baie van hulleself nie. Daarom aanvaar hulle dat God ook nie baie beïndruk met hulle is nie. Tog sê die Bybel: “Wat is die mens dan dat U aan hom dink?” (Psalm 8:5) Die waarheid is ons is God se skepping, en *Hy het ons lief omdat Hy ons liefhet*. Hy is liefde. (1 Johannes 4:16)

Hy het jou lief, en *jy is spesiaal*. Dit beteken jy is anders en uniek. Jy is nie veronderstel om soos ek te wees nie en ek is nie veronderstel om soos jy te wees nie. ’n Mens sal ellendig voel as jy probeer om soos iemand anders te wees. Al wat dan gebeur, is dat dit die duiwel geleentheid gee om jou wys te maak dat jy nie goed genoeg is nie. Die feit is dat, wat God betref, jy nie “goed genoeg” hoef te wees nie.

Het Jesus vir jou gesterf omdat jy so oulik en wonderlik is of het Hy vir jou gesterf omdat Hy vir jou lief is? Die Bybel sê dat as Hy vir jou lief genoeg was om vir jou te sterf, hoeveel meer het Hy jou nie lief nou dat jy geregverdig is deur sy bloed, nie? (Romeine 5:8,9) Hy het jou lief genoeg om jou alledaagse klein foutjies te bedek. Hy het jou genoeg lief om jou kragtig en oorwinnend deur hierdie dag te kry.

God het my eendag ’n voorbeeld gewys van hoe Hy ons foute en tekortkomings sien. Stel jou ’n klein kindjie voor, so drie of vier jaar oud, wat haar ma altyd dophou as sy huiswerk doen. Sy het haar ma so lief dat sy ’n emmertjie water en ’n lappie gaan haal en na die groot venster in die voorportaal gaan. Sy skrop die venster regtig goed. Daarna gaan haal sy ’n paar stukke papierhanddoek en vee die glas daarmee af. Natuurlik is dit streperig, smerig en seperig. As jy kyk na wat sy gedoen het, besef jy dat sy jou beste skoonmaaklap gebruik het en dit voel asof jy haar nekkie kan omdraai. Maar sy kom in en sê in haar klein soet stemmetjie:

“Mamma, Mamma, ek het Mamma se venster gewas! Ek het so hard vir Mamma gewerk. Ek is lief vir Mamma!”

’n Liefdevolle ma sou sê: “O, dis ’n wonderlike ding wat jy gedoen het. Dankie dat jy gehelp het.” Dan, so gou as wat haar kind elders besig is, sou sy die gemors opruim en haar later aanmoedig om dit liewer nie weer te doen nie.

God het vir my gesê dat dit is wat Hy vir ons doen. Hy ruim al ons foute op. As jy jou bes doen, is dit al wat God van jou verwag. Hy verwag nie van jou om dit te doen wat jy nie kan doen nie. Hy kan jou verander as jy gewillig is om te sê: “U is reg, God, en ek is verkeerd. Ek het probeer, maar ek kan dit nie verander nie.” Dan sal Hy jou verander, want Hy weet jy kan jouself nie verbeter sonder sy hulp nie.

“God het Hom (Jesus) immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom sy Gees sonder enige beperking. Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.” (Johannes 3:34-35).

Terwyl ek eendag besig was om Bybelstudie te doen, het ek hierdie vers oordink. Ek het van vreugde uitgeroep toe ek besef het dat God nie net ’n bietjie van sy Gees aan ons gee nie. Hy gee nie aan ons ’n bietjie hier en ’n bietjie daar nie.

In plaas daarvan sê Hy: *“Hier, neem alles wat Ek het.”* Al God se krag en liefde is vandag vir jou beskikbaar. Hy beskik oor alles wat jy nodig het en Hy wil hê jy moet dit aanvaar. Hoekom? Omdat Hy jou liefhet. Jy hoef nie goed genoeg te wees om dit te verdien nie, want jy kan in elk geval nie genoeg doen om dit te verdien nie. Jy hoef nie mooi of slim genoeg te wees nie. God wil dit aan jou gee omdat Hy jou liefhet.

In Deuteronomium 7:6-7 sê God: “Jy is ’n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees. Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.”

God het die Israëliete gekies om sy spesiale volk te wees. As kerk is ons vandag die ware geestelike Israel. Dus is hierdie Skrifgedeeltes net soveel vir jou bedoel as vir hulle. Hy het gesê: “Ek het julle nie gekies omdat julle die grootste volk op aarde was nie.” As ons dit op ons van toepassing sou maak, sou dit lui: “Ek het jou nie gekies omdat jy alles so reg gedoen het of omdat jy so wonderlik was nie.”

Hy gaan verder deur te sê dat hulle minder as almal was. Om die waarheid te sê, as jy soos ek is, sou jy heel moontlik gedink het dat jy voor jou redding erger as enigiemand anders was. Tog sê God in vers 8: “Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met ’n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.”

Dit is iets om oor te jubel! God sê: “*Ek het jou lief en Ek het jou vertel jy is heilig. Ek het vir jou gesê jy is spesiaal.* Ek het jou nie gekies omdat jy goed en wonderlik is nie, maar omdat Ek jou liefhet.” Weet jy wat God wil hê jy moet vandag doen? Hy wil hê jy moet sy liefde aanvaar en ontvang.

Die meeste van ons se grootste probleem is dat ons nie van onself hou nie. Ons glo nie dat God ons liefhet nie. Om die waarheid te sê, ons dink nie dat enigiemand anders ons kan liefhê nie. Ons dink: “Nou hoekom sou hulle my liefhê? Ek is so ’n mislukking!” As jy glo jy is afstootlik en lelik, dan gaan jou

gedagtes, voorkoms en dade afstootlik en lelik wees. Jy kan nie uitstyg bo die beeld van jouself wat jy in jou hart omdra nie.

My grootste probleem was vroeër dat ek nie van myself gehou het nie en driekwart van my tyd daaraan gewy het om myself te probeer verander. Ek het gemeen ek praat te veel, dus het ek probeer om meer stil te bly. Maar as ek nie saamgesels nie, het ek erg terneergedruk geraak en wou almal weet waarom ek so stil is. Dan het ek gedink, “*Maar julle het gesê ek praat te veel, los my uit. Ek probeer maar net om minder te praat!*”

Jy sal nie glo oor hoeveel jare het ek hierdie situasie beleef nie en in al daardie tyd het ek dikwels in die moeilikheid beland weens my groot mond. Baie mense wat groot geselsers is, is getroud met mense wat stil en teruggetrokke is en dit vestig die aandag baie duidelik op die prater se groot mond. Die duiwel neem dan sy kans waar om die babbelkous te herinner aan sy swak punt. Dit word genoem *veroordeling*.

God wil hê jy moet vry wees van veroordeling, maar dit vra geloof en moed om vry te wees daarvan. Besef jy, dat al voel jy ook hóé skuldig, daardie skuldgevoel gaan nie vergoed vir enigiets wat jy verkeerd gedoen het nie. Dis regtig nie so maklik om te glo dat God jou nog altyd liefhet wanneer jy iets verkeerd gedoen het nie.

Die duiwel is die hele tyd besig om jou te pynig en nogmaals te pynig deur jou te oortuig dat jy sleg en aaklik en lelik is. “Jy het nou rêrig drooggemaak,” vertel hy jou. “Wie dink jy nogal is jy? Jy is te vuil, man. God sal jou nooit as te nimmer seën nie. Jy sal nooit teenoor iemand kan getuig nie. Jy kan tog niks reg doen nie.”

En dis dán dat 'n mens krag nodig het om hier binne-in jou

hart op te staan en te sê: “Vader, ek het ’n fout gemaak en ek vra U om my deur die bloed van Jesus te vergewe. Ek vra u in alle opregtheid om my te vergewe. Satan, gee pad van my af. Jesus het vir al my sonde betaal. Hierdie saak het niks met jou te doen nie, Satan!” Dan gaan jy aan met jou lewe en jy is gelukkig en vol vreugde. Maar waarskynlik dink jy tog in jou agterkop, “Ek hou aan om dieselfde simpel verkeerde goed oor en oor te doen.” Ek het ook dieselfde dinge gedink totdat ek opgehou het om myself daarvoor te veroordeel. *As jy ophou om te voel dat jy veroordeel word oor wat jy gedoen het, sal jy ophou om daardie dinge te doen.*

’n Gevoel van skuld en self-veroordeling laat ’n mens terneergedruk en depressief voel, in so ’n mate dat jy vasgevang voel. Dit vra baie moed om nie veroordeel te voel nie, en dit kos moed en geloof om op te staan en nee te sê vir daardie skuldgevoelens. Die duiwel sal dadelik vir jou sê, “Wil jy sowaar vir my sê dat jy nie eens gaan sleg voel oor daardie goed wat jy gedoen het nie? Nee kyk, man, jy behoort darem ten minste vir ’n paar uur sleg te voel daarvoor. Dit was nou rêrig ’n slegte ding wat jy gedoen het.” Al wat jy dan moet sê, is, “Nee, ek gaan sowaar nie bly sleg voel daarvoor nie.” Die eerste paar keer is dit nie maklik nie, maar na drie of vier keer word dit baie makliker.

In Jesaja 53:5,6 en 11 lees ons dat toe Jesus ons sonde op Hom geneem het, het Hy ook die skuld vir ons gedra (en dit sluit veroordeling in.) Die duiwel wil nie hê dat jy die veroordeling moet vryspring nie. Waarom? Omdat jy, as jy veroordeel is, nie regtig vreugde kan vind in die liefde van God nie. Veroordeling bring skeiding tussen jou en God; dit is soos ’n staalmuur tussen jou en God. Jy kan God die Vader nie sien as jy gevul is met skuldgevoelens nie. Al wat jy dan voor jou sien, is jou skuldgevoel en sonde.

Jy kan die lewe aanpak vry van veroordeling en skuldgevoel. Glo dat toe God gesê het dat sy genade groot genoeg is om al jou sonde te bedek, Hy dit waarlik bedoel het. Hy het jou lief en sy genade en vergifnis is gratis geskenke. Aanvaar hierdie geskenke vandag!

God het *jou* lief!

3



LIEFDE IS 'N VERHOUDING

*“En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly **in hom.**”*

- 1 JOHANNES 4:16

Hoe kan 'n mens meer bewus en seker wees van God se liefde? Al is God se liefde vir jou hóé groot, maar jy is nie bewus daarvan nie, gaan dit vir jou niks beteken nie. Jy weet mos hoe goed dit 'n mens laat voel as iemand werklik wys hoe lief hy of sy jou het. Jy kry so 'n warm gevoel. Ja, jy voel wonderlik en jy sien sommer kans vir die lewe net omdat jy weet dat daar iemand is wat jou liefhet. God het jou lief en Hy wil daardie liefde vir jou wys. Hy wil graag hê dat jy elke dag tyd saam met hom deurbring.

Leef jy werklik in 'n persoonlike verhouding met God? Net omdat jy lank gelede gered is van sonde beteken dit nog nie dat jy 'n innige gemeenskap met God ervaar nie. As ek soggens my oë oopmaak, is God die eerste ding waaraan ek dink en sy liefde is ook die laaste saak waaraan ek dink voordat ek saans gaan slaap. En dwarsdeur die dag dink ek aan God. Daar is niks in die hele wêreld wat ek meer begeer as om my God te dien en vreugde te gee nie. En om God so te dien is wonderliker as enigiets in die

wêreld wat jy moet prysgee om dit te kan doen.

In almal van ons is daar 'n ruimte wat net God kan vul. Niks wat jy kan najaag of begeer, kan daardie ruimte vul nie. Jy mag vir jouself sê, “Ek weet ek het Jesus reeds in my lewe ontvang.” Maar ontvang jy hom gedurig, elke minuut, elke dag, in elke situasie? Ontvang jy gedurig die liefde van God?

God het jou lief en jy is vir Hom baie spesiaal. Hy het ons geskep om in gemeenskap met Hom te leef. Dit is sy grootste begeerte en sy volmaakte wil vir jou lewe. Hy buig elke môre vanaf sy troon na jou toe en sê, “Goeiemôre, Ek het jou lief.”

Een van my vriende het eenmaal 'n visioen gesien terwyl sy gebid het. Sy het God die Vader sien ingaan in die huise van die inwoners van Amerika wanneer hulle opstaan in die oggend. Hy het ingegaan om met die mense te gesels en gemeenskap te hê. Hy het op 'n stoel by die ontbyttafel gaan sit. Die mense het ingekom en uitgeloop, ingekom en uitgeloop. Hulle het aangehou om vir God te sê, “Later, bly asseblief net nog 'n rukkie, God. Sodra ek hierdie sakie afgehandel het, gaan ek met U praat. Ek gaan later tyd maak om met U te gesels. Ek gaan later met u tyd spandeer. Later, God. Later, God.”

Die dag het verbygegaan en my vriendin wat dit alles in haar visioen gesien het, sê dit het haar hart gebreek om te sien hoe God met groot hartseer die huise verlaat omdat geen enkele persoon ooit tyd gevind het om met Hom te kom praat nie.

Moenie te besig raak nie. As jy nie tyd het om te bid en tyd met God deur te bring nie, is jy eenvoudig te besig. Neem tyd om vir God te vertel hóé lief jy Hom het. Wanneer alles tot niet gaan, wanneer jou lewe verby is, is God al wat oorbly. Dan bly

niks van al die ander belangrike dinge oor nie. En as jy dan nie 'n innige verhouding met God het nie, gaan dit 'n bietjie laat wees om 'n verhouding met Hom te probeer opbou. Dit beteken nie dat jy nie in die hemel sal kom nie, maar dan het jy die vreugde van 'n oorwinnende lewe misgeloop.

Ek stel voor jy laat vir 'n jaar lank God eenvoudig toe om jou lief te hê. Hou op probeer om in jou eie krag op te tree en wees God se man of vrou vol geloof en krag. Staan terug en word weer soos 'n kindjie. Gaan sit op jou Vader se skoot en laat God toe om jou lief te hê. Jy kan Hom nie liefhê voordat jy toegelaat het dat Hy jou liefhet nie. 1 Johannes 4:16 sê, “En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”

Het jy vanoggend opgestaan en tyd gemaak om daaraan te dink hoe lief God jou het? As 'n mens soggens opstaan, voel jy gewoonlik nie juis lus om iets te doen nie. Maar jy het jou mond nodig om jou liggaam aan die gang te kry en jou gees op te wek om allerhande wonderlike dinge te doen.

Dus, as jy soggens wakker word, begin jou dag deur te sê, “O, Vader, ek dank U dat U my so innig liefhet, ek dank U dat U Jesus gestuur het om vir my te sterf. O, Vader, ek dank U dat die Heilige Gees by my is. Ek dank U dat die krag wat u Seun die dood laat oorwin het, binne-in my woon. O, God, ek dank U dat ek tot seën kan wees oral waar ek vandag beweeg. *God, U het my lief, U het my lief* hier in my huisie. *U het my lief!* Ek is u spesiale kind. Ek is die appel van u oog. U het my lief!”

Jy moet met jouself praat en jouself aktief bewus maak daarvan dat jy omring en toegevou is in die liefde van God. Die Bybel sê dat God jou naam in sy handpalms gegraveer het. Ek kan Hom

in my geestes oog sien as Hy sê: “Kyk, sien jy dit? O, is sy nie mooi nie. Ek is baie lief vir haar. Kyk net, hier is die name van my kinders in my handpalms gegraveer.” Hy het jou naam daar as ’n gedurige herinnering daaraan dat Hy jou liefhet en verlang na gemeenskap met jou.

Onthou om dankbaar teenoor God te wees en sorg dat jy ’n verhouding met Hom kweek. Soms moet jy eenvoudig op jou knieë neerval in gebed en net vir God dankie sê dat Hy jou gered het. Wees net lief vir God. Lees verder in 1 Johannes 4:16,17 waar Hy sê, “...God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.”

Om te weet dat God jou liefhet, gee jou geloof in Hom en vertrou in sy beloftes. Alle seënige sal joune word as jy toelaat dat God jou liefhet: groter geloof, oorwinning oor sonde, genesing, voorspoed en vreugde. Baie dikwels draai ons hierdie waarheid om en dink, “O ja, ek moet onthou om God lief te hê.” Ek glo dat jy eers God moet toelaat om jou lief te hê. Ek glo nie jy kan jou liefde vir God uitleef, voordat jy God toelaat om jou lief te hê nie.

Kyk, ek kan vir jou vertel dat jy gemeenskap met God moet hê en dat dit regtig nodig is om gemeenskap met Hom te beoefen, maar hoe doen ’n mens dit? Toe God my die opdrag gegee het om gemeenskap met Hom te hê, het ek net daar op my rusbank gaan sit en gesê, “En nou, God?” Sowaar, ek het glad nie geweet hoe ’n mens gemeenskap met God kan beoefen nie omdat ek regtig op daardie tydstip nie geweet het hoe innig God my liefhet nie.

Hoe kan jy jou gevoelens vir mense wys en hulle werklik liefhê as jy nie seker is dat hulle jou liefhet nie? Jy sal al die tyd bang

wees dat jy 'n gek van jouself maak. Jy is gemaklik met mense van wie jy weet dat hulle jou liefhet en jou sal aanvaar. Ek kan dinge sê en doen met my man wat ek nooit met ander mense sou kon doen nie omdat ek weet dat hy my liefhet. Net so is dit met God.

Dus, begin! Gee God die geleentheid en Hy sal jou wys hoe om gemeenskap met Hom te beoefen. Vra jouself sommer nou die vraag: “*Is ek gemaklik in God se teenwoordigheid?*”

God het *jou* lief!

4



LIEFDE, VERTROUW EN GELOOF

“In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.”

- GALASIËRS 5:6

Die meeste van ons spandeer baie tyd daaraan om te probeer glo. Ons weet dat dit sonder geloof onmoontlik is om te doen wat God wil hê (Hebreërs 11:6), dus werk en beywer ons ons daarvoor om meer geloof te hê. Geloof kom egter uit die hart uit en jy ontvang dit slegs deur 'n liefdevolle verhouding met God. Ek kan jou nie leer om geloof te hê nie, maar ek kan jou vertel van die beginsels waarop geloof berus en jou só laat verlang daarna dat jy enigiets sal doen om dit te verkry. Geloof kom slegs deur 'n openbaring van God.

Hou op om so hard te probeer om geloof te hê en om God tevrede te stel, en begin om al daardie tyd en energie in God se teenwoordigheid deur te bring terwyl jy Hom vertel dat jy Hom liefhet. Wees lief vir Hom dwarsdeur die dag en laat Hom toe om jou lief te hê.

“...want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie.” 2 Korintiërs 5:7

Enmaail terwyl ek hierdie teksvers gelees het, het God 'n paar kragtige dinge in my hart kom sê. Ek probeer deur geloof lewe. Ek wil in elke opsig van my bestaan deur die geloof lewe. Die Bybel sê in 2 Korintiërs 5:7, "...want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie."

Met ander woorde, *ek sal dit slegs kan regkry om in die geloof te leef deur dit wat ek glo in verband met my verhouding met God.* Verstaan jy dit? 'n Mens wat glo dat hy vol sonde en in 'n verkeerde verhouding met God is, kan maar vergeet daarvan om in die geloof te lewe. Iemand wat glo dat hy maar net 'n wurm in die stof is en dat God hom nie liefhet nie, kan ook maar vergeet daarvan om in die geloof uit te stap. Baie mense probeer om in die geloof te lewe, maar hulle verstaan nie die verhouding met God reg nie.

Galatiërs 5:6 sê dat geloof deur liefde tot daad oorgaan. God het hierdie saak so in my hart kom lê. "Almal dink hierdie teksvers beteken dat as hulle nie ander mense liefhet nie, hulle geloof nie sal werk nie. Dit is glad nie wat die vers beteken nie. Wat dit werklik beteken, is dat as ander mense nie weet hoe lief ek hulle het nie, sal hulle geloof nie werk nie." Geloof werk eenvoudig nie sonder liefde nie. Maar dis nie jôu vermoë om ander mense lief te hê wat hier ter sprake is nie. Dit gaan daarom dat jy die almagtige God moet toelaat om jou lief te hê.

Daar is 'n baie groot verskil tussen die twee dinge. Om God te vertrou en in geloof te lewe, beteken dat jy op Hom sal steun en Hom in alle dinge sal vertrou. Jy kan dit nie doen in die geval van iemand van wie jy nie seker weet dat hy jou liefhet nie. Jy kan maar vergeet daarvan. Jy gaan nooit in staat wees om God te vertrou as jy nie wêet dat Hy jou liefhet nie.

As jy werklik geweet het hóe lief God jou het, sou jy dit nie so

moeilik gevind het om genesing te ontvang nie. Jy sou dit nie so moeilik gevind het om voorsiening van jou finansiële behoeftes te ontvang nie.

Die rede waarom jy nie kan ontvang nie, is dat jy nie werklik, totaal, glo dat God dit vir jou kan gee nie. Jy sê miskien: “Ek wil dit graag glo, maar hoe glo ’n mens so iets?”

Jy het die liefde van God binne-in jou en al wat jy nodig het, is om dit te herken wanneer Hy dit vir jou wys. Die Bybel sê, “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.” (1 Johannes 4:19). Dit sou vir jou onmoontlik gewees het om God lief te hê as jy nie verseker was van die feit dat God jou eerste liefgehad het nie.

Al hierdie dinge is daar, diep binne-in jou hart. Dit is daar! *God het jou lief! Jy is wonderlik! Jy is pragtig! Jy is kosbaar! Jy is besonders! God het jou lief!* Niemand anders in die hele wêreld sal jou ooit so liefhê soos God jou liefhet nie.

Jy het niemand anders *nodig* behalwe God nie, maar Hy sal vir jou ander mense in jou lewe gee. Die waarheid is dat, as daar niemand anders was behalwe jy en God nie, sou dit nog altyd goed gegaan het met jou. God sal jou beste vriend wees. Hy sal jou vriend wees as jy nie een het nie. Hy sal jou ma of pa wees as jy nie een het nie.

Só lief het God jou. Jy kan Hom vertrou vir alles. Hy het jou so lief dat jy wêét Hy gun jou wat jy nodig het. En totdat jy oortuig is dat God wil hê dat jy dit moet ontvang, sal jy nooit genoeg geloof hê om enigiets te ontvang nie.

Geloof werk as jy God toelaat om jou lief te hê. Dit werk nie

deur jou vermoë om uit te gaan en iemand anders lief te hê nie. Laat God jou liefhê en vertel dwarsdeur die dag vir God, “O God, ek weet dat U my liefhet. Halleluja! Vader, ek prys u naam. Ek maak u naam groot!”

Smith Wigglesworth was ’n groot apostel van God. Iemand het hom eenmaal gevra of hy lang tye in gebed deurbring en toe sê hy: “Ek bid selde vir meer as dertig minute, maar dis selde dat ek meer as dertig minute laat verbygaan sonder om te bid.” Hy het eenkeer gesê dat, as hy meer as vyftien minute laat verbygaan sonder enige kommunikasie met God, het hy berou daaroor.

Ons pak dinge van die verkeerde kant af aan. Jy kan nie dinge laat gebeur deur jou goeie werke nie. God seën jou omdat Hy jou liefhet. Hy gee sy gawes aan jou op dieselfde manier as wat Hy jou die ewige lewe gegee het.

Jy gaan dit nie regkry om ’n familielid of iemand anders tot Christus te lei deur self daaraan te werk nie. Laat God toe om jou lief te hê. Dan, wanneer jy die familielid weer sien, sal jy gereed wees om hom of haar lief te hê. Die Bybel sê vir ons dat, as jy hulle liefhet en ophou om hulle met jou woorde en spesiale planne vir Christus te wen, sal jy hulle na Hom toe trek. Die Gees van God sal jou familie deur sy liefde na Hom toe trek. Maar jy kan nie ander mense liefhê as jy nie eers vir God toelaat om jou lief te hê nie.

Efesiërs 2:8 sê: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.” Begryp jy dat jy niks gedoen het om gered te word nie? Die meeste van ons was totaal verrot toe Jesus ons gered het en ons redding is beslis nie bewerkstellig deur ons goeie werke of ons vermoë om enigiets goeds te doen nie. Dit het gebeur slegs as gevolg van een feit: God het ons so lief gehad, dat Hy sy enigste

Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe sou kry. (Johannes 3:16)

Genade kan ook gedefinieer word as God se gewilligheid om sy almag te gebruik om ons alles te gee wat ons nodig het. Net soos God deur sy genade jou genoeg geloof gegee het om gered te word, so gee Hy ook deur sy liefde vir jou die geloof om te glo dat hy jou gesond kan maak. Hy gee jou die geloof dat Hy in jou behoeftes sal voorsien.

As die geloof wat Hy jou gegee het genoeg was om jou te red van al jou sondes, is dieselfde geloof binne-in jou dat Hy in al jou behoeftes sal voorsien vir die res van jou lewe. As jy glo dat God jou liefhet en dit regtig deel van jou denke word, sal jy Hom ten volle begin vertrou. Jy sal oortuig wees van die waarheid van God se Woord. Jy sal wéét dat Hy nooit vir jou sal lieg nie omdat Hy jou liefhet.

Volgens die *Amplified Bible* beteken “geloof” dat jy met jou totale menswees op God steun in volkome vertroue op sy krag, wysheid en goedheid. (Kolossense 1:4). Soos jy God toelaat om jou lief te hê, sal jy leer om Hom lief te hê en te vertrou en dan sal jy geloof hê.

God het *jou* lief!

5



VRY VAN VREES

“Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.”

- 1 JOHANNES 4:18

Meestal lewe ons ewe tevrede in die geloof, oortuig dat God ons liefhet en met volle vertroue in Hom. Dan, ewe skielik, beleef ons 'n aanval.

Die ding wat ons geloof die meeste ondermyn, is omstandighede - daardie slegte dinge wat met ons gebeur. Dis nie moeilik om te glo dat God jou liefhet nie, totdat die omstandighede so verander dat dit lyk asof dit nie meer die geval is nie.

Dan kom die duiwel op die toneel met vrees en veroordeling om jou te skei van juis dít wat jou sal vrymaak, naamlik God se liefde. “Wel, hoe lyk dinge nou vir jou?” vra hy. “Ek dog God het jou lief. Hoekom gebeur al hierdie slegte dinge dan nou met jou? Jy moes beslis iets vreesliks gedoen het. God is nou rêrig kwaad vir jou.”

Dan verloor jy skielik alle vertroue in God en Hy kan jou nie

help as jy Hom nie meer vertrou nie. Jy kan nie vol vertrou en geloof wees as jy nie weet dat God jou liefhet nie. En as jy gevul is met die vrees en veroordeling wat die duiwel op jou aflaai, weet jy nie hoe innig God jou liefhet nie.

1 Johannes 4:18 gee vir ons 'n geweldige kragtige waarheid, naamlik “volmaakte liefde verdryf vrees.” Ek het baie lank nagedink oor hierdie woorde uit die Skrif in 'n poging om dit te verstaan en op 'n dag het God dit uiteindelik aan my geopenbaar. Volmaakte liefde verdryf vrees en God is daardie volmaakte liefde. En wanneer jy weet hoe volmaak daardie liefde teenoor jou is, is daar niks in die hele skepping waarvoor jy bang hoef te wees nie. Dit is onmoontlik om bang te wees as jy 'n persoonlike openbaring ontvang het dat God jou liefhet.

Dit is onmoontlik om bang te wees vir mislukking as jy weet dat God jou liefhet. Jy kan nie misluk as jy van God afhanklik is nie. Die enigste manier waarop jy gaan misluk, is as jy op jou eie krag staatmaak. As jy weet dat God jou liefhet, sal jy nie bang wees dat jy sal misluk nie. As jy weet dat God jou liefhet, sal jy nie bang wees dat jy verwerp sal word nie.

God se liefde is so oneindig groot dat dit alles bedek. Dink jy dat dieselfde God wat jou gered en vrygekoop het, jou gaan veroordeel? Satan is die een wat veroordeel. God sal jou oortuig van die sonde in jou lewe en Hy sal jou wys hoe om bevry te word daarvan. Die duiwel wil jou veroordeel en vir jou wysmaak dat daar geen uitkomst uit die sonde is nie.

1 Johannes 4:18 lees as volg: “Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.”

Baie mense dink dat die Skrifwoord beteken dat as jy my lief genoeg kan hê, sal jy nie vir my bang wees nie, of as jy iemand lief genoeg kan hê, sal daar geen vrees by jou wees nie. Maar dit is nie wat hierdie woorde beteken nie.

Dit beteken dat as jy toelaat dat God jou liefhet, sal jy nie bang wees nie. Jy moet God toelaat om jou lief te hê as jy geen vrees in jou lewe wil hê nie. *Aanvaar God se liefde sommer nou deur 'n geloofsdaad.* Doen dit nou! Reik uit in geloof en neem al God se liefde vir jou.

Direk nadat God aan my openbaar het wat dit beteken as die Skrif sê dat sy liefde alle vrees verdryf, moes ek dié waarheid in die praktyk toepas. Ons motor het groot probleme gegee. Ons het gemeen daar is fout met die transmissie en dit sou baie duur wees om te herstel. Dit sou waarskynlik vier of vyfhonderd dollars kos om dit heeltemal te vervang. Ons het eenvoudig nie die geld gehad nie, dus het ons maar aangehou om die motor te gebruik soos dit was.

God het daardie oggend met my gepraat en vir my gesê: “Joyce, vandag moet jy My net heeldag liefhê en My toelaat om jou lief te hê. Jy hoef niks anders te doen nie. Jy hoef nie 'n vrou met 'n groot geloof te wees nie. Al wat jy moet doen, is om My heeldag lief te hê en My toe te laat om jou lief te hê. Die hele tyd. Laat My jou liefhê.

Nouja, ek het toe die heeldag myself daarop toegelê om my geloof te versterk. Ek het die hele tyd gesing, liedere aan God wat ek self opgemaak het, en ek het 'n wonderlike vreugde ondervind. Toe skielik hoor ek dat my man weer in die motorhuis inry. Maar hy het dan net vyf-en-veertig minute tevore werk toe gery! Hy het die deur oopgemaak en gesê: “Ek kon glad nie die motor uit eerste

rat kry nie. Ons sal hom beslis moet inneem vir herstelwerk.”

Ek het die deur toegemaak en begin lag. Dit was heeltemal onwillekeurig. Dit het sommer net gebeur. Dit het eenvoudig spontaan uit my hart gekom en God het vir my gewys dat ek kon lag omdat ek hom die hele oggend toegelaat het om my lief te hê. As jy God toelaat om jou lief te hê, open dit die deur sodat jy geloof kan hê. Ek het eenvoudig begin lag, en dit was geloof.

Abraham het die lag van geloof gelag. Toe God na hom gekom het en vir hom gesê het dat hy 'n seun sou hê, het Abraham op sy knieë geval en gelag. Sara het in ongeloof en twyfel gelag en God het haar tereggewys, maar Hy het dit nie in Abraham se geval gedoen nie, want daar is ook 'n lag wat ontstaan as 'n mens glo.

Wanneer die duiwel jou aanval en dit wat hy doen lyk verspot en belaglik, en jy ken jou God so goed dat jy nie bang word nie, dan kan jy in die geloof lag. Jy wéét dat God jou liefhet en dat Hy jou in die holte van sy hand hou.

Terwyl ek dus daardie dag gelag het oor die stukkende transmissie van die motor, het God in 'n sagte maar baie kragtige stem in my hart gepraat. Hy het driemaal vir my gesê, “As jy so met my saamleef, Joyce, sal ek jou nooit teleurstel nie.” Dit was asof dit deur ons hele huis weerklink het: “Ek sal jou nooit teleurstel nie. Ek sal jou nooit teleurstel nie.”

As jy jou vertrou in God stel en toelaat dat God jou liefhet en jy Hom ook liefhet, kan jy vergeet van jou groot poging om in die geloof te lewe. Jy laat God se liefde oor jou spoel en jy het Hom lief en Hy sal alles laat gebeur. Die liefde van God sal in jou binneste groei en dit sal alle vrees verdryf.

God het *jou* lief.

6



LIEFDE REIK UIT

“En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.”

- 1 JOHANNES 4:21

Jy is God se spesiale kind. In Deuteronomium 7:6 het Hy dit vir jou gesê. As jy begin optree asof jy dit glo, sal dit die wêreld begin verander. Jy sal die supermark binnestap met 'n glimlag op jou lippe en terwyl jy jou inkopietrollie gryp, sal jy sê: “Alles waaraan ek raak, is geseënd. Halleluja! Die mense is geseënd om my vandag in hierdie winkel te hê!” Stap eenvoudig deur die winkel met 'n lied in jou hart omdat jy spesiaal is waar jy ook al is.

As ons eers werklik aanvaar dat ons spesiaal is en begin optree soos mense vir wie God liefhet, kan ons die wêreld vir Jesus wen. Liefde sal soos 'n onblusbare vuur versprei. Maar dit sal niks help as jy vir mense vertel dat jy 'n Christen is en dan skel en brom jy gedurig teenoor ander nie. Jy sê: “Ek is 'n Christen, ek is 'n Christen,” maar as 'n motor voor jou insny, skel jy, “Haai jou padvark, gee pad hier voor my! Weet jy nie dat ek amper laat is vir die kerk nie? Dis jou skuld as ek laat is, jou onnosel!”

Die die soort ding wat ons soms sê en doen. Is jy gereed om die oorwinning jou eie te maak? Al wat jy moet doen, is om uit te reik, die oorwinning te gryp en te sê: “Satan, jy het my nou lank genoeg mislei met leuens en vrees. Ek is spesiaal en ek gaan oorwin in die naam van Jesus omdat God my liefhet, en ou duiwel, daar is absoluut niks wat jy daaraan kan doen nie!”

God se liefde binne-in jou sal jou vrymaak van vrees en jy sal nie bang wees om met liefde na ander uit te reik nie. God wil hê dat jy dit moet glo as Hy sê dat Hy groter dinge deur jou sal doen omdat Jesus na sy Vader toe gegaan het. Glo jy werklik dat God jou sal gebruik? God sal dit aan jou gee waarvoor jy Hom vertrou. Jy kán dan mos nie bang wees nie.

Ek kan nie vir jou vertel hoevéél keer ek al op die rant van ’n geloofsafgrond gestaan het nie, absoluut op die rant van iets wat my regtig bang gemaak het, en dan het God gesê: “Komaan, Joyce, komaan! Ek gaan groot dinge deur jou doen. Kom!” En dan het ek eenvoudig gewaag en Hom op sy woord geneem en God het my nog nooit in die steek gelaat nie.

Weet jy waarom ek my nooit hoef te bekommer as ek dit waag om iets uitdagends te doen nie, nooit hoef te vrees dat dit sal misluk nie? Dis omdat ek weet dat God my liefhet en omdat Hy weet dat ek Hom liefhet en deur sy genade my hele lewe aan Hom oorgegee het. As jy dit gedoen het en jy God liefhet en Hy jou liefhet, sal niks in die hele skepping vir jou ’n onoplosbare probleem wees nie.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?

Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons

dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. (Romeine 8:35-39).

Jy het waarskynlik geen begrip van hóé graag God jou wil vrymaak nie. Dit maak God hartseer as jy ongelukkig is. Partykeer klim jy soggens met die verkeerde voet uit die bed en is jy die hele dag in ’n slegte bui. Jy weet mos van watter soort dag ek praat. Jy skop die kat, skreeu op die kinders, haat die bure en op jou gesig is daar ’n knorrige, ontevrede trek. “Al wat ek elke dag moet doen, is om te werk, werk, werk, en niemand waardeer ooit wat ek doen nie.”

Ek weet presies hoe jy op sulke dae optree, want ek het dit ook al gedoen. As die kinders tuis kom, dink jy, “Hoekom bly julle nie liewer veertien uur lank by die skool in plaas van sewe nie?”

Weet jy dat dit God se vaderhart seermaak? Dis nie dat ek probeer om jou te laat sleg voel nie. Ek probeer om jou te laat beseef dat as jy kan glo dat God jou liefhet, jy gaan begin reageer op daardie liefde en dan sal daardie liefde jou vul en oor almal rondom jou vloei. Jy sal vry wees om beminlik en liefdevol te wees, iemand wie se lewe vol is van vriendelikheid en bedagsaamheid teenoor ander.

As jy die feit dat God jou waarlik liefhet jou eie kan maak, sal daar vir jou innerlike genesing wees, voorspoed vir jou kom en jou behoeftes sal vervul word. Waarom? *Jy sal eenvoudig begin*

ontspan.

Die hoofrede waarom God die meeste dinge wat Hy graag vir ons wil skenk, nie aan ons kan gee nie, is omdat ons so besig is om self daardie dinge te probeer in die hande kry dat Hy ons nie lank genoeg kan vashou om hulle aan ons te skenk nie. God wil hê dat jy eenvoudig in Hom tot rus moet kom en Hom liefhê. Hy wil graag dat jy Hom moet toelaat om jou lief te hê en net eenvoudig sal ontvang wat Hy jou wil skenk.

Die duiwel kan die toevloei nie keer as jy liefhet nie, want as jy liefhet, is jy ook iemand wat gee. Jy kan nie liefhê en nie gee nie.

Die laaste deel van Deuteronomium 7:6 sê, “Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.” God het jou geroep. Op die oomblik mag jou belangrikste taak in jou huis met jou gesin wees, maar God het jou geroep. As jy werklik graag wil hê dat God jou moet gebruik, kan God jou gebruik. Hierdie fondament moet egter eers gelê word, naamlik *jy moet weet dat God jou liefhet*.

Moet nooit al jou geestelike energie gebruik om op jouself en jou eie behoeftes te konsentreer nie. Vertel vir God wat jy nodig het op 'n eenvoudige en saaklike manier en daarna konsentreer jy jou geloof in God se voorsiening op die behoeftes van ander mense. Jesus het tot die Vader gebid en sy aangesig gesoek sodat Hy krag sou ontvang om uit te gaan en in die behoeftes te voorsien van almal wat sy onderrig oor geloof bygewoon het.

Dan het Hy vir hulle gepreek uit die Woord, hulle die hande opgelê en het hulle wonderwerke beleef. Hy het nie êrens in 'n hoekie gaan sit en probeer om te glo dat God sou voorsien in die dinge wat Hy nodig gehad het nie. Jy moet natuurlik vir God van

jou behoeftes vertel, maar dit moet nie die belangrikste deel van jou gebede wees nie. Die grootste begeerte in jou lewe moet wees om in die behoeftes van ander mense te voorsien.

Ware voorspoed is, as 'n mens dit akkuraat wil omskryf, die vermoë om God se alvermoë in te span om in elke behoefte wat oor jou pad kom, te voorsien. Die liefde van God sal aan jou die vermoë gee om die nood van ander mense eerste te plaas. Dink jy God het jou lief genoeg om jou in staat te stel om uit te reik en hulle van wie jy nie regtig hou nie - die knorrige, ondankbare ouens - lief te hê?

Dis baie maklik om iemand wat jou liefhet, lief te hê. Dis glad nie moeilik nie. Enige sondaar kan dit doen. Maar wanneer jy die mense van wie niemand hou nie liefhet, as jy aanhou en aanhou om aan hulle liefde te bewys en ten spyte van alles nog maar *aanhou om hulle lief te hê*, dan sal die liefde van God hulle uiteindelik verander.

Dit mag 'n jaar neem. Dit mag vyf jaar neem. Dit mag vyf-en-twintig jaar neem, maar dit is die moeite werd. *Hoe lank het Jesus vir jou gewag?*

God het jou lief en Hy het al daardie mense rondom jou ook lief. Gelowiges en sondaars, Hy het hulle almal lief en Hy wil jou gebruik as 'n kanaal om sy liefde vir hulle uit te stort.

Moenie bang wees om te waag nie. God se liefde maak jou vry van vrees en veroordeling en Hy het jou die vermoë gegee om lief te hê. Wees vasberade om God se liefde om jou sigbaar te maak. Begin deur maar net vriendelik met mense te wees. Lê jou daarop toe om vriendelik te wees en wees tot seën vir mense wat deel is van die liggaam van Christus.

Nooi gerus mense oor vir 'n ete en vra mense om by jou te kom kuier. Skud hand met mense, *glimlag*. Daar is altyd dinge wat God wil hê jy moet doen. Hy wil jou gebruik op maniere waarop Hy geen ander van sy skepsels hier op aarde kan gebruik nie.

Daar is mense vir wie net jy kan bedien. Niemand anders sou daardie persoon kon bereik nie, net *jy*. Vra God om jou te wys waar en hoe jy kan uitreik met sy liefde en Hy sal jou wys en leer.

God het *jou* lief!

7



GOD SE LIEFDE SAL JOU VERANDER

“Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.”

- 1 JOHANNES 4:10

God het ons lief, maar ek dink baie van ons verstaan nie werklik die liefde wat God vir ons het nie. Deur my studie van hierdie saak het God het vir my duidelik gewys dat, as ons werklik in ons binneste gewees het hoe innig God ons liefhet, ons innerlik sou groei en baie anders sou wees as wat ons die meeste van die tyd is.

Dink na oor God se liefde vir jou. Dit is wat jou gaan verander. As daar iets in jou lewe is waarvan jy nie hou nie, gaan “*die wete dat jy weet*” dat God jou liefhet, daardie onaanvaarbare ding in jou lewe verander.

Watter invloed het dit op jou gevoelens as jy weet dat iemand jou liefhet? Dit laat jou goed voel, nie waar nie? Voel jy lelik? God het vir my vertel dat party mense wat hierdie boek gaan lees, hulleself haat. Jy haat die dinge wat jy doen en jy glo nog nie dat jy ’n nuwe skepsel is nie - jy stry nog gedurig teen jou ou natuur.

So lank as wat jy nog aangaan om gedurig sleg te voel oor jousef, nie van jousef hou nie, jousef haat, nie besef hoe spesiaal jy is nie, gaan jy nooit as iemand spesiaals optree nie. Die Amplified Bible sê in Spreuke 23:7 “Soos hy in sy hart dink, so is hy.” Jou negatiewe gevoelens oor jousef vloei voort uit die feit dat jy nog nie regtig aanvaar het dat God *jou liefhet* nie. Dit het ’n kragtige uitwerking op jou lewe as jy wêét hoe innig lief God jou het.

God wil hê dat jy elke dag doelbewus tyd met Hom sal spandeer. Dit is wat jou sal verander. As jy God nie eerste in jou lewe stel nie, plaas jy Hom in ’n posisie waar Hy nie vir jou kan doen wat Hy graag wil nie. Dit is die private tyd wat jy met God deurbring, wanneer jy Hom slegs liefhet en Hom toelaat om jou lief te hê, wat jou gaan laat groei en sterk word in die gees.

Die meeste mense is lui en wil dit nie graag doen nie. Hulle sou verkies dat iemand anders dit vir hulle doen. *Moenie verskonings soek nie!* Elkeen wat nou hierdie woorde lees en wat nie gereeld afsondering en gemeenskap met God soek nie, en wat nou oortuig word deur wat ek hier skryf, gaan deur die duiwel aangeval word met die goeie verskoning: “Maar jy het al hierdie ander dinge om te doen.”

Ek weet presies hoe dit werk - die duiwel gee vir jou die een verskoning na die ander. Die oplossing is, maak erns met God en roep tot Hom. *Die Woord van God en gemeenskap met Hom sal jou verander.* God stel jou daartoe in staat. Paulus sê in Filippense 4:13, “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” Met ander woorde, daar is niks in die wêreld wat jy nie deur die krag van Jesus Christus kan doen nie.

So gou as God jou op ’n probleem wys, moet jy die krag en oorwinning in Christus vir jou toe-eien en die probleem oorkom.

As jy opstaan en God se liefde vir jou toe-eien en nie toelaat dat daardie vuil, leuenagtige duiwel jou vertel hoe ellendig en niks werd jy is nie, sal jy begin om 'n oorwinnende lewe te lei.

Jy tree miskien nou aaklik op, maar jou lewe kan heeltemal verander as jy net wil glo dat jy innerlik 'n nuwe skepsel is. Jy sal nooit verander of enigsins anders optree as jy nie opstaan nie en sê, “Loof die Here, ek is spesiaal. Ek is heilig. God het my uitverkies. Hy het my skoon gewas deur die bloed van die Lam, dus gaan ek nou daarvolgens optree. En duiwel, ek gee nie om hoeveel foute ek maak nie. God is groot genoeg om my op te tel en om my te help om aan te gaan. Hy maak al my gebrou reg!”

Watter probleme gaan vir jou onoorkomelik wees as jy “weet dat jy weet” dat God jou liefhet? Jy het nie sulke probleme nie. Jy gaan hulle almal oorwin.

Wil jy graag so 'n oorwinnaar wees? Beantwoord dan hierdie vraag - wil jy graag iets hê om te oorwin? Dit is die enigste manier waarop jy volwasse gaan word. As jy nooit enige probleme het nie en nooit enige moeilikhede moet oorkom nie, wat gaan jou verder laat ontwikkel?

Gebruik die probleme waarteen jy te staan kom as geleentheid om te groei. Vind uit wat God vir jou sal doen omdat Hy jou liefhet! As jy op God vertrou en God toelaat om jou lief te hê en jy het Hom ook lief, kan jy maar vergeet van jou eie pogings om in die geloof te lewe en kan jy sy vrede hê.

As jy toelaat dat God jou liefhet en jy het Hom lief, sal jy heeltyd rondloop soos 'n dronk mens - dronk in die Gees. Dan sal jou lewensomstandighede nie te veel vir jou word nie, want jy sal lewe vanuit die liefde van God.

Die eerste drie weke nadat ek met die Heilige Gees gedoop is, het dit gelyk asof ek dronk was van God se liefde. Mense het herhaaldelik vir my gevra, “Wat is verkeerd met jou? Jy is heeltemal anders. Ek kan dit nie glo nie, Joyce. Wat het met jou gebeur?” Daardie mense het drie weke later na my toe gekom en gevra, “Wat het met jou lewe gebeur?”

Dit was nie vir my nodig om hulle te oortuig dat ek verander het nie. Hulle kon dit sien. As jy in die liefde van God lewe, sal jy al die tyd glimlag. Jy gaan mooi wees. Jy gaan energie en krag hê. Jy gaan in staat weer om mense te help met hulle geestelike behoeftes omdat jy al die tyd so vervul sal wees met die Heilige Gees dat daar in elke behoefte wat jy het, voorsien sal word.

Sê vir jouself, “*God het my lief. Halleluja, God het my lief!* Ek is sy spesiale kind. *God het my lief!*” Toe nou, doen dit - neem ’n groot sprong in die geloof en glo dit.

God het *jou* waarlik lief!

GEBED VAN VERLOSSING



Jesus is lief vir jou en hy wil hê dat ons 'n persoonlike verhouding met hom moet hê. As jy nog nie vriendskap gelsuit het met Jesus nie en jy wil hom aanneem as jou persoonlike saligmaker, kan jy vandag besluit. Open julle harte en bid hierdie gebed.

Here, ek weet dat ek 'n sondaar is gered uit genade. Vergewe my. Reining my. Ek belowe dat ek my volle vertroue in Jesus die Seun van God sit. Ek glo dat U gesterf het vir my sondes op die kruis. En dat U opgestaan het sodat ons kan lewe en oorwinning het. Ek gee my lewe oor in U hande.

Dankie Jesus, vir die vergifnis van ons sonde en vir ewige lewe. Help ons om meer as oorwinnaars te lewe vir U, in Jesus naam, Amen.

Soos jy van jou hart gebid het, het God jou ontvang, jou gereinig en jou vrygemaak van die slawerny van die geestelike dood. Neem die tyd om hierdie Skrifte te lees en te bestudeer en vra God om met jou te praat soos jy met hierdie reis in jou nuwe lewe saam met Hom wandel.

Johannes 3:16

Efesiërs 1:4

1 Johannes 1:9

1 Johannes 5:1

1 Korintiërs 15:3-4

Efesiërs 2:8-9

1 Johannes 4:14-15

1 Johannes 5:12-13

Bid en vra Hom om jou te help om 'n goeie Bybelgelowige kerk te vind, sodat jy aangemoedig kan word om in jou verhouding met Christus te groei. God is altyd by jou. Hy sal jou eendag op 'n slag lei en wys hoe om die oorfloedige lewe wat Hy vir jou het, te leef!

OOR DIE SKRYWER



Joyce Meyer is sedert 1976 besig om mense te onderrig in die Word van God en is sedert 1980 in 'n voltydse bediening. Sy is die baie suksesvolle skrywer van meer as sestig inspirende boeke. Hulle sluit onder andere in Pursuit of Peace, How to Hear from God, Knowing God Intimately en Battlefield of the Mind. Sy het ook duisende kassette met lering en 'n volledige videoteek vrygestel. Joyce se Enjoying Everyday Life radio- en televisieprogramme word dwarsoor die wêreld uitgesaai en sy reis op groot skaal om konferensies aan te bied. Joyce en haar man, Dave, het vir vier volwasse kinders en woon in St. Louis, Missouri.